
# Die Rietfluit




**Rietfluit familiebrief** **JULIE 2005**

# 2005 Jeugjaar



**Saamstaan, ondersteuning en medewerking die resep vir jeugontwikkeling en groei.**


## Vir ouers en Tieners



*Drink jy of dink jy?*

*Om te drink of nie. Dis lankal nie meer die vraag nie, want elke tiener wat vir haarself/himself kan dink, behoort die antwoord te ken. Maar vir diè wat onder groepsdruk swig en graag diep in die bottle kyk, lees hier!!*

### *Gesondheid*




***Drink***




*Alkohol vernietig breinselle en dit beteken dat jy jouself mettertyd dom kan drink. (En intelligensie is juis iets wat jy in die toekoms nodig sal kry). Jy kan natuurlik ook aan alkohol verslaaf raak, wat ernstige gevolge kan hê. Jou lewer gaan nie bly wees oor die styging in jou alkoholmisbruik nie. En drank maak vet, en vet mense het slegte spysverteringstelsels en gewoonlik bloeddrukprobleme.*





**Dink**

*Voor jy jou oë uitvee, is jy 'n vet alkoholis met 'n vrot lewer, 'n crinkle-paper vel en niks tussen die ore nie. Dit kan natuurlik ook jou verhoudings 'n knou gee – sleeptong gesprekke raak gou afgesaag. Hierdie dinge klink nou nie juis na iets wat 'n mens op jou "been there, done that got the t-shirt"-lysie wil skryf nie, of hoe?*

## COOL

*Drink*

*Wie het nou juis bepaal dat dit cool is om te drink? Wie het bepaal dat jy op een of ander stadium moet bewys dat jy jou drank kan vat? Wie het bepaal dat geld op drank uitgegee moet word as jy eerder klere daarmee kan koop? Niemand weet wie dit alles bepaal het nie, so niemand gaan weet of jy hierdie "reëls" nagekom het nie.*



**Dink**

*As jy geld mors om 'n fool van jouself te maak, bewys jy 'n paar dinge: Jy kan nie groepsdruk hanteer nie; jy kan nie jou eie besluite neem nie; jou selfrespek is na die maan; jy kan nie goeie vriende kies nie en jy bewys dat jy jouself op meer as een manier kan embarrass wanneer jy op tafels begin dans en oor jou eie voete val.*

## Pret

Drink

Laat ons nou eerlik wees. Dit is heel nice om daar te staan met 'n drink in die hand terwyl jy met 'n ou gesels, want mens weet mos nie altyd wat om met jou hande te maak nie. Onthou net, te veel drink maak dronk en dronk is nie lekker nie. Dronk is nie sexy nie.

**Dink**

Jou waardigheid mag dalk net daal terwyl jou vlak van besopenheid styg. Jy mag dalk net iets aanvang waaroor jy spyt gaan wees (dis nou te sê as jy dit die volgende dag kan onthou). Dronk meisies is easy targets vir ewe dronk ouers met viselike idees. Molestering en verkragting is nie mites nie – dit gebeur met meisies wat nie nugter genoeg is omterug te veg nie!

## Party time!

Drink

Dis maklik om te drink as al jou vriende drink of as a aantreklike ou vir jou 'n drink gekoop het. Probeer net een keer die volgende: los een aand die drank en hou jou vriende se gedrag dop. Jy sal verbaas wees hou pateties hulle lyk vanuit 'n nugter perspektief.

**Dink**



Wil jy ook dronk wees? Stadige reflekse, onsamehangende sinne, dubbelvisie en rondslinger klink nou nie juis na 'n great manier om 'n party te hou nie. En natuurelik is dit vir enige ou 'n turn-off as hy jou hare agter jou kop moet vashou terwyl jy opgooi. En niemand gaan vrywilliglik aanbied om jou op te tel as jy uitgepass het nie – hulle gaan self te dronk wees daarvoor.

**So drink jy of dink jy?**

*(oorgeneem uit Finesse Augustus 2005)*

# *JEUGJAAR 2005*


### *10 Beloftes wat kan help om tieners en hul ouers se verhouding te verbeter*

1. Ons belowe om liefde vir mekaar 'n daaglikse keuse te maak, selfs as die gras iewers anders groener lyk.
2. Ons belowe om elkeen, as God se spesiale geskenk aan ons, te vertroetel en daagliks fees te vier oor hom/haar.
3. Ons belowe om met sagte oë na mekaar te kyk omdat ons mekaar wil verstaan en waardeer.
4. Ons belowe om vergifnis die familiereël te maak en geen griewe teen mekaar te koester nie.
5. Ons belowe om tyd vir mekaar te maak.
6. Ons belowe om daagliks ons gevoelens en gedagtes duidelik aan mekaar te kommunikeer sodat niemand in die familie dit soos 'n bloedhond moet uitruik nie.
7. Ons belowe om mekaar as beelddraers van God te respekteer. Ons sal mekaar nie in die openbaar of by die huis afbreek of afkraak of selfsugtig optree nie.
8. Ons belowe om so as 'n familie te leef dat ons God se sout en lig vir ander kan wees.
9. Ons belowe om vir mekaar te bid en mekaar in ons geloofsgroei te help.
10. Ons belowe om elke dag saam die lewe as 'n wonderlike geskenk van God met vreugde te vier

## Gemeentebediening

Navrae kan gerig word aan Danie de Bruin – 331 1022

Uitbouing van Gemeente en gemeentelike aktiwiteite
Nuwe wyksbediening
Kerkraadstoerusting
Leraarondersteuning
Eenvormige samewerking tot voordeel van die Koninkryk






**Uitneemtye:**
**Dinsdae: 11:00 – 11:30**
**Sondae: 10:00 – 10:30**

- **Biblioteekversoeke:** Vrywilligers om biblioteekdiens te doen – skakel asb vir Johanna Koen by die Kerkkantoor (331 3531)
- Geestelike boeke in 'n goeie toestand (alle boeke wat geplaas word, gaan deur 'n keuringsproses)
- Tydskrifte: Maksiman, Finesse, Die Lig



**Jakaranda Kinderhuis: Huis 4**

By Huis 4 gaan dit onder omstandighede goed. Daar het die volgende behoeftes ontstaan waarvoor ons u as gemeente se hulp en bystand nodig het.



1. **Veiligheidsheining**

'n Veiligheidsheining moet om die huis opgerig word. Soos u weet is dit 'n duur uitgawe. Ons het 'n skenking van ± 40 meter "Devils Fork" ontvang waarvoor ons baie dankbaar is. Die afstand wat omhein moet word is egter 80 meter en die huis is self verantwoordelik vir die oprigting/fondse om die heining op te sit. Die hierdie rede wil ons verneem of daar nie van ons gemeentelede is wat 'n geldelike bydrae/donasie (soos "devils fork") kan skenk of dalk 'n meter vir ons kan borg nie.

2. **Na-ure bedrywighede:**

Is daar nie dalk van u wat lapverf doen en wat afval verf en lappe het wat ons aan die kinders kan gee om hulle besig en uit die kwaad te hou nie. Inkleurboeke en puzzles sal ook baie waardeer word.

3. **Finansiële bydraes**

Soos ons in die vorige ***Rietfluit*** aan u genoem het, kry die kinderhuis geen of baie min bydrae en ondersteuning vanaf die regering. Dit is ons jeug en nuwe leiers van die toekoms daarom kan ons nie net maar ons skouers optrek en sê dit het niks met ons te doen nie. Alle finansiële bydraes is daarom besonder welkom.

4. **Kos**

Ons sal dit ook waardeer as u vir ons kan help met kosbydraes, om 13 seuns te voed kos heelwat.


5. **Huismoeder**

Sal u asseblief ook aan ***Rachel*** in u gebede dink, dit is 'n baie groot taak wat sy het en dit gaan ook maar nie elke dag rooskleurig daar nie.

Namens die komitee en kerkraad word u opreg bedank vir al die bydraes wat u so goedgunstelik aan hulle skenk.

---

**GEBED**



Elke lidmaat is só welkom om Woensdag-aande om 18:45 in die konsistorie te kom saambid.